BOSVELD

# Die Skadukol

"IN DIE SKADU"

Nuusbrief

Volume 1 Uitgawe 2
Desember 2012

Hi Daar Bosvelders

So is 2012 verby en ons staar 2013 amper in die oë.
Ons finale kamp van 2012 is ook nou agter die rug en was 'n reuse sukses.
Meer hieroor in die Nabetraging.
Nadat ek so bietjie navorsing gaan doen het oor ons meriete stelsel, het ek geleer dat ons meriete plaatjies kan gee vir diegene wat dit verdien het, vir twee redes.
Een, dit gaan dien as nog iets om oor trots te wees, en
Twee, dit gaan die administratiewe kant van die Meriete stelsel vergemaklik en misverstande voorkom.
Daar is 'n plaatjie ontwerp en ons het die voorbeeld ingestuur nasionale Bestuur toe vir goedkeuring.
Ons sal julle op hoogte hou oor sake.

Gaan loer gerus op ons Facebook Bladsy na die foto's van die kamp by Bosveld Oase sowel as Jan Vlermuis wat Aartappels vra..

Ons volgende kamp is te Buffelspoort ,
26-28 Januarie 2013.
Tans het ons 10 waens bespreek.
Die tarief het ons nog nie gekry nie, maar weereens as ons 15 waens of meer is, kry ons dit teen die spesiale tarief.
Tariewe sal deur gegee word, sodra ons dit kry.
Laat weet asseblief so spoedig moontlik vir ons wie gaan kom kamp, sodat ons die regte tarief en staanplekke kan bespreek.

Van Bosveld Bestuur en van My, Lizelle en Chanté af wil ons vir elkeen 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2013 toewens.
Mag die Here elkeen seën op sy eie padjie, en ons bid en vra dat elkeen wat dalk vêr paaie gaan aandurf veilig moet ry.

Tot volgende keer

Bosveld Groete

Roelf Brevis

## Nabetraging:

## Bosveld Oase (Addisionele Kamp)


23 - 25 November 2012

Hallo julle
Wat kan ons sê van Bosveld Oase.
Iets wat ons altyd sal bly by, is dat daar derduisende duisendpote is.
Ek weet nie of dit die nat weer is wat hulle lok nie, maar ja, so klomp duisendpote het ek lank laas gesien , indien ooit.
Die naweek was 'n lekker nat naweek, maar dit het geensins ons Bosvelders se pret bederf nie.
Daar was 11 karavane en een kuiergas.
Daar was lekker saamgekuier, "brunch" gemaak en saam gebraai.
Net soos Bosvelders kan.
Boekevat is gehou deur die Roelf jnr en snr, JJJ en oom Buks wat vir ons Sondag afgesluit het.
Baie dankie aan elkeen van julle.
Oor Bosveld Oase die kamp self, is daar nie veel om te sê nie.
Dit is 'n baie netjiese en rustige kamp, maar vir kinders is daar, behalwe die swembaddens, niks nie.
Ek dink dat die kampplekkie dalk nog in sy begin jare is, en dat dit dalk vorentoe sal uitbrei en kindervriendelik sal raak.
Verder het ons lekker gekuier, ten spyte van die nat weer.

Ons wil dan vir elkeen 'n Geseënde Kerstyd en Voorspoed vir 2013 toewens.

Bosveld liefde en groete

Hettie en Martie






Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2013

# Bosveld "Brunch" Burger

Vir die "Pattie"

1- Kap uie baie fyn

2- Meng die uie, maalvleis, 1 eier per 500g maalvleis, droë broodkrummels, speserye, koljander, komyn en 'n bietjie olyf-olie saam in 'n groot bak en brei goed deur. Fyn gekapte spek kan ook ingewerk word, dit rond die smaak lekker af...



Stap 1: Maak balletjies net so bietjie kleiner as tennisballe en druk plat,

of

Wat ons gedoen het, ons het die hele mengsel op 'n werksoppervlak platgerol, en 'n koffieblik (deksel afgesny) gebruik om die "patties" die regte grootte te druk...



Stap 2: Gebruik 'n glas of 'n blikkie (oopgesny) om die gate te druk.



Stap 3: Maak 'n bietjie olie warm in 'n pan en braai die "pattie" aan die een kant...



Stap 4: Breek 'n eier in die holte in

**Ons het eers die "pattie" omgedraai en die anderkant ook so bietjie gebraai voor ons die eier ingegooi het...**



Stap 5: Draai die pattie, versigtig, maar vinnig om sodat die eier nie die hele pan vol lê nie



Stap 6: Sit 'n snytjie kaas op en laat smelt...



Stap 7: Sit voor met 'n paar repies gebraaide spek, tamatie, blaarslaai of watookal jou pot laat prut en geniet hom.

Almal was gaande oor hierdie brunch tydens die naweek by Bosveld Oase...



Resep deur E-pos gestuur deur Talbot van Rooyen